

27 Julie

**Skrifgedeelte: Psalm 145
Fokusgedeelte: Psalm 145:18**

Die Here is naby

Psalm 145 is die inleiding tot die groot simfonie van lofliedere wat begin met Psalm 146 en eindig met Psalm 150. In hierdie hartlike loflied besing Dawid die Here se grootheid, almag, koningskap, goedheid en troue sorg.

Pragtig word die neerbuigende goedheid en troue sorg van die grote Koning in vers 18 verwoord. Anders as aardse vorste wat dikwels so verhewe van hulle onderdane leef en so blind en doof kan wees vir dié se hulpgeroep in nood, is die Here, die Koning van alle konings, naby aan almal wat Hom opreg aanroep en tot Hom bid. Ons hoef nie ver te gaan soek of lank op die Here te wag nie. Ons hoef Hom nie met woorde of dade oor te haal nie. Nee, slegs één voorwaarde is genoeg: ons moet die Here in waarheid en in alle opregtheid van harte aanroep. Ons moet net opreg, ernstig uit die hart uit bid en jy kan weet die Here is naby jou, ja by jou! Presies dit staan in Johannes 4:24: “God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur Gees en waarheid aanbid.”

Is dit nie ook vir u wonderlik vertroostend om te mag weet dat die Here naby jou is wanneer jy tot Hom bid nie? Is dit nie heerlik om met groot vrymoedigheid voor die troon van hierdie barmhartige en genadig Koning te nader nie? Ja, om die almagtige God en liefdevolle Vader naby my te hê, is vir my genoeg, sonder meer. John Knox het op 'n keer gesê: “Met God aan my sy is ek altyd in die meerderheid.” Is dit nie 'n pragtige lewensleuse nie? Paulus skryf in Filippense 4:4 en 5: “Verbly julle altyd in die Here ... Die Here is naby!”

En omdat Hy naby my is, is die volgende ook in my lewe waar: “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.” En as vrug op die gelowige se gebed, smeking en danksegging, ontvang die bidder God se vrede. 'n Vrede wat alle verstand te bowe gaan! Om God se vrede te besit, is een van die wonderlikste gawes en is juis so dikwels ons grootste behoefte.

“Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep.”

Sing: Psalm 145:5, 10 (1936)

Ds. CJ Nagel (Nylstroom)